

# J.M. Coetzee in Pole

## Inleiding

Hierdie nommer van *Werkwinkel* val buite die normale patroon wat reeds geruime tyd die struktuur van ons tydskrif is. Maar daar is besondere redes hiervoor. Op 9 Julie 2012 is die bekende skrywer J.M. Coetzee met 'n ere-doktoraat ver eer aan ons universiteit, Adam Mickiewicz Universiteit in Poznań (AMU). Die redaksie het besluit dit is gepas om 2012 se herfsnommer in die geheel aan hom te wy en materiaal met nuwe insigte vol kleure en skakerings aan te bied.

Vir *Werkwinkel* – *Tydskrif vir Nederlandse en Suid-Afrikaanse Studies* was die eredoktoraat by uitstek dié geleentheid om 'n spesiale nommer uit te gee, gesien die Suid-Afrikaanse herkoms van Coetzee en sy uitsonderlike verhouding met die Lae Lande se literatuur en leespubliek. In hierdie verband is dit interessant om daarop te wys dat belangrike dele uit Coetzee se seminale teks, *White Writing: On the Culture of Letters in South Africa* (1988), hul voorpublikasie in 1985 gehad het in die Keulense *T.N.A. Tijdschrift voor Nederlands en Afrikaans*. Dit was 'n tydskrif wat hom spesifiek gerig het op dié twee tale en kultuurgebiede. Ons is dankbaar dat J.M. Coetzee bereid was om sy *Lectio* (die formele rede wat hy by die ontvangs van die eredoktoraat gelewer het), in *Werkwinkel* te publiseer. Die teks is nie omvangryk nie, maar dit verskaf tog 'n belangrike perspektief op die selfreflekterende kuns van die outeur én sy outobiografiese ingesteldheid. Wielkopolska (Groot-Pole), waarvan Poznań die historiese sentrum is, blyk die streek te wees waar die voorouers van Coetzee vandaan kom. Op hierdie gegewe brei J.M. Coetzee in sy teks uit en hy doen dit op tipiese Coetzee-manier: stilisties versorgd, analities maar ook toeganklik vir 'n breër publiek; boonop baie persoonlik, onthullend én diepsinnig.

Adam Mickiewicz Universiteit in Poznań het, soos gebruiklik by akademiese geleenthede van hierdie aard, 'n spesiale publikasie voorberei: *Johannes Maxwell Coetzee: Doctoris Honoris Causa Universitatis Studiorum Mickiewiczianae*

*Posnaniensis*, 9 VII 2012 (2012). Naas die inhuldigingsrede van die Rector Magnificus, professor Bronisław Marciniak, die toespraak van die Dekaan van die Fakulteit van Moderne Tale, professor Teresa Tomaszkiwicz, en 'n laudatio van Coetzee se formele promotor, professor Liliana Sikorska, is ook verslae opgeneem van die amptelike keurders wat by hierdie prosedure betrek is en hul censurae voorgelê het: professor Mirosława Buchholtz, professor Wiesław Krajka en professor Krystyna Kujawińska-Courtney. In die AMU-publikasie staan ook die *Lectio* van die eredoktor. Hierdie geleentheidsuitgawe het 'n ander oogmerk as *Werkwinkel* en daar is eweneens verskille in die waarskynlike lesers van hierdie twee publikasies. Vandaar die afspraak met J.M. Coetzee om die teks op te neem in *Werkwinkel*, een van talle akademiese tydskrifte wat Adam Mickiewicz Universiteit publiseer, maar die enigste met Suid-Afrikaanse en Nederlandse studies as fokus.

Naas die ontvangs van die eredoktoraat het daar in Poznań ook 'n ander belangrike geleentheid plaasgevind. Op 5 Julie 2012, enkele dae voor die uitreiking van die eredoktoraat, het die wêreldpremière van die opera *Slow Man* plaasgevind. Die aanleiding daartoe was die samewerking tussen Stanisław Moniuszko Groot Teater en Malta Festival Poznań, 'n belangrike artistieke gebeurtenis in die plaaslike en internasionale kulturele landskap. J.M. Coetzee self het op basis van die gelyknamige boek die libretto geskryf. Nicholas Lens, 'n hedendaagse Vlaamse komponis, was verantwoordelik vir die musiek, en bekende sangers uit verskillende lande het die hoofrolle vertolk: onder andere die Amerikaanse sopraan Claron McFadden, wat hoofsaaklik vanuit Amsterdam werk, bas-bariton Mark S. Doss, woonagtig in die Verenigde State en Kanada, en die Amerikaanse mezzosopraan wat veral in Europa optree, Lani Poulson. Die regisseur was die beroemde en omstrede Maja Kleczewska (Pools), en Bassem Akiki, Libanees van oorsprong, het die orkes dirigeer. Die multikulturele samestelling van die kunstenaars van die geleentheid kom goed ooreen met die multimedia-styl van die produksie. In hierdie nommer skenk die redaksie dus graag ook aandag aan hierdie tweede belangrike gebeurtenis van J.M. Coetzee se verblyf in Poznań. Maar, eerder as om direk en analities oor die opvoering self te skryf, is daar besluit om die opera deur middel van 'n reeks foto's toeganklik te maak vir diegene wat dit nie gesien het nie. Hierdie fotografiese indrukke vergesel enkele onderhoude met die kunstenaars betrokke, en sodoende word nuwe invalshoeke en insigte op die werk van die outeur van *Slow Man* aangebied. Die tekste is ontleen aan die Poolse boek *Wyotrzyć wzrok. J.M. Coetzee: sztuka, świat i polityka* [Verskerp die blik. J.M. Coetzee: kuns, die wêreld en politiek], wat deur die Poznań Malta Festival vir die wêreldpremière voorberei is en met borge van die Poolse Ministerie vir Kultuur en Nasionale Erfenis gepubliseer

is. Die onderhoude is deur Malta-personeel en eksterne medewerkers gevoer. Die gespreksgenote was, onder andere, die bekende letterkundige, Coetzee-kenner en samesteller van 'n pas gepubliseerde literatuurgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse letterkunde, Derek Attridge, die komponis Nicholas Lens, die regisseur Maja Kleczewska, en ook Krzysztof Warlikowski, 'n ander Poolse teatermaker wat Coetzee op 'n uitdagende wyse in sy werk betrek. Hierdie boek is deur Fundacja Malta en Wydawnictwo Homini gepubliseer onder redaksie van Anna R. Burzyńska en Waldemar Rapior. Ek het ook as keurder van die hele onderneming *Wyostrzyć wzrok* opgetree, en die projek formeel en volledig ondersteun en vir finansiering aanbeveel. Dit verdien myns insiens meer bekendheid, deur middel van vertaling. *Werkwinkel* neem die eerste stap om dié oogmerk te bewerkstellig.

Tydens die naweek van 7-8 Julie, ná die première en vóór die eredoktoraat, was J.M. Coetzee op besoek aan Czarnylas (Swartwoud). Hierdie dorp in die Wielkopolska-gebied was die tuiste van sy oupagrootjie, Balcer Dubyl, wat sy naam na Balthasar du Biel geermaniseer het voordat hy na Suid-Afrika vertrek het. Die ingeslote foto's van die begraafplaas in Czarnylas, wat in 'n vroeër stadium geneem is as deel van voorbereiding op die koms van die skrywer en hierdie uitgawe van *Werkwinkel*, stel 'n ander begraafplaas voor as wat J.M. Coetzee besoek het. Dit het ons later in die loop van korrespondensie uitgevind, en terselfdertyd vasgestel dat daar in totaal drie begraafplase in die klein dorp is, een katoliek en twee protestants. Wat op die eerste blik ironies mag lyk, simboliseer presies dít wat met die bybring van biografiese gegewens gebeur en ook die wyse waarop die outeur die outobiografiese dimensie in werk soos *Summertime* ondersoek. Feite en gissings, vermoedens en veronderstellings, dokumente en herinneringe, die verteller se stem(me) en gefiksionaliseerde personasies oorvleuel en versmelt. J.M. Coetzee is in talle van sy boeke nie net ten dele outobiograaf nie, maar ook tot 'n sekere mate sy eie biograaf. Dit is ook die geval in talle ander teksvorme, soos in sy *Lectio* in Poznań. Ten spyte van die afstand wat die skrywer J.M. Coetzee tot die personasie John Coetzee in sy werke skep, het hy in 'n sekere stadium van sy outobiografiese siklus sy eie eksterne biograaf nodig gehad. Die Afrikaanse letterkundige J.C. Kannemeyer het met medewerking van die outeur uit uiteenlopende bronne, gesprekke, inligting en aannames sy eie verhaal van én oor J.M. Coetzee opgebou. Die storie dra die treffende ondertitel *'n Geskryfde Lewe*, wat slegs deels in die Engelse vertaling tot sy reg kom: *A Life in Writing*. Dit is dus geen toeval dat die skrywer se (outo) biografiese *Lectio* in hierdie nommer van *Werkwinkel* direk én ruimtelik na sy biograaf John Kannemeyer verwys nie. Sy laaste literêre biografie is in September 2012 gepubliseer en begin reeds opslae maak. Kannemeyer het die teks klaar

geskryf kort vóór sy dood op Kersdag in Desember 2011, midde-in die Suid-Afrikaanse somer. Tragiese toeval? 'n Mooi dood vir 'n letterkundige? Of *Summertime* se gegewe au rebours? Dit is nie die biograaf, wat ná die outeur se afsterwe, oor sy lewe skryf nie. Dit is nou die outeur wat moet voortgaan met sy werk en met sy lewe, terwyl die storie van hierdie lewe voorlê – opgesluit tussen twee omslagblaaie saam met die gestorwe biograaf.

Hierdie nommer is, soos reeds genoem, uitsonderlik en spesiaal in talle opsigte. Ons is dankbaar dat ons naas die bogenoemde materiaal ook nog jonger Poolse ondersoekers se insette in *Werkwinkel* kan aanbied. Dit verheug ons dat hul navorsing oor Coetzee se werk innoverende denke met belesenheid en rypheid van oordeel kombineer. Die redaksie hoop dat hierdie uitgawe van *Werkwinkel*, wat hulde bring aan J.M. Coetzee en sy werk, en sy biograaf J.C. Kannemeyer, 'n boeiende en inspirerende leeservaring bied.

Jerzy Koch